

# Hoofstuk 26

## Jan August Beneke (b16)

(1775 - ?)

Sterf- en huweliksbesonderhede [Dope van Kinders](#)

### Oriëntasie

Jan<sup>1</sup> Beneke is omstreeks 1776 gebore. Daar is baie min oor hom bekend.

Jan trou toe hy ongeveer 20 jaar oud was met die die 16-jarige Johanna<sup>2</sup> Matthee. Sy is omstreeks 1780 gebore en is in 1855 oorlede toe sy nagenoeg 75 jaar oud was.

Daar is agt kinders vir hulle aangeteken.

### Genealogiese gegewens

a **BENEKE, JAN AUGUST**: \*c. 1776<sup>3</sup>; ≈Kaapstad 25.2.1776<sup>4</sup>; †[Plek Datum](#).


x [Plek](#) c. [1796](#)<sup>5</sup>: **MATHEE, JOHANNA DOROTHEA**: \*Swellendam Distrik, Onrusrivier<sup>6</sup> 24.1.1780<sup>7</sup>; ≈[Plek](#) 30.9.1781<sup>8</sup>; †Caledon Distrik, Villiersdorp 8.3.1855<sup>9</sup>. Dogter van Johannes Petrus Matthee en Anna Dorothea Guillaume (Giliomee).

Nota:

Daar is ook 'n kleinseun van Jan met die name Jan Augustus, wat gebore is c. 1833 en oorlede is op 27.2.1908<sup>10</sup>. Hy was die seun van Petrus Johannes Beneke. Sy eerste vrou was Embrensia Jacoba Hendrin(c)a Vos<sup>11</sup>.

### Jeug

Jan August Beneke is in die Kaap gedoop op Sondag 25 Februarie 1776. By sy doop was Jan Augustus van den Heever en Catharina van der Westhuizen teenwoordig. Van den Heever was die ouer broer van Jan August se moeder<sup>12</sup> en dit word aanvaar dat Jan August na hierdie oom van hom vernoem is. Jan August Beneke is na alle waarskynlikheid in die Kaapse distrik gebore aangesien alles daarop dui dat die gesin in die Kaap gewoon het. Aangesien daar nie ver reise vir die doop nodig was nie, word die geboorte vir vroeg in 1776 beraam.



Jan August - De vader is Johan Diederik Beneke moeder Johanna op hnto.  
Maria van den Heever. Gaf: Jan August van de Heever,  
en Catharina van de Westhuizen

Jan August Beneke se doopinskrywing in die doopboeke van die Kaapse gemeente

Jan August Beneke (b16)

Jan was drie jaar oud toe sy vader omstreeks 1778 oorlede is. Die aanduidings is dat sy moeder voortgegaan het om in die Kaapse distrik te woon, want toe sy siek en in die bed 'n testament in 1799 maak, word dit in "Cabo" onderteken. Toe sy moeder oorlede is en hy van haar erf, was hy nagenoeg 34 jaar oud.

Jan tree omstreeks 1796 in die huwelik met Johanna Dororthea Matthee. Johanna Matthee se oupa Abraham Matthe<sup>13</sup> (Matthee) was van Tramelan in die kanton Bern in Switserland, wat 'n Franssprekende area is, afkomstig. Hy het in 1743 in diens van die VOC aan die Kaap aangekom. In 1750 het hy burger te Stellenbosch geword en in 1751 is hy met Johanna Matthysen getroud. Hulle oudste seun, Johannes Petrus, was getroud met Dorothea Guillaume en hulle het net een kind gehad – die dogter Johanna.

## Woonplekke en eiendom

Villiersdorp, Worcester en Villiersdorp.

Op 23.2.1831 rig Jan August Beneke vanaf Worcester 'n memorie aan die Goewerneur, Sir Lowry Cole<sup>14</sup>. Hy meld dat hy en sy twee seuns beboet is vir die nie-betaling van belasting - hy vir £1.11.0 en die twee seuns vir £1.15.9 en £1.11.4½ - aldrie met hofkoste bygevoeg. Hy sê dat hy baie arm is en met sy twee seuns gratis bly by ene mnr. Naude. Die twee seuns het drie osse en geen ander eiendom nie. Hy meld dat hy ongeveer drie jaar tevore tydens 'n erge droogte 40 beeste verloor het en sedertdien in armoede leef. Hy vra vir kwytskelding van die belasting en die boetes vir hulle drie.

In die verslag van die Civil Commissioner word bevestig dat Jan baie min eiendom het, van ander afhanklik is en op sy ouderdom (c. 55 jaar) kwalik vir eie lewensonderhoud kan sorg. Die twee seuns "... if inclined to industry..." kan vir hulle self sorg. Daar word besluit dat Jan August vrygeskeld word, maar dat die seuns moet betaal. Dit is nie duidelik watter van Jan se drie seuns betrokke was nie, want die name word nie in die dokumente genoem nie.

Die Distrik Worcester waar die bogemelde memorie behandel is, is in 1819 begin en het 'n Bolandse en Karoogedeelte gehad. Huidige dorpe, soos Worcester, Robertson, McGregor, Rawsonville, het in die Bolandse gedeelte van die distrik ressorteer<sup>15</sup>.

## Kerk en gemeenskap

## Huwelik en gesin

Hulle het agt kinders gehad waarvan drie vroeg oorlede is:


- o Johan Diederik wat vroeg oorlede is.
- o Johan Diederik, getroud met Susanna Petronella Zaayman.
- o Petrus Johannes, getroud met Christina Geertruida Maria Geldenhuys.
- o Johan Daniel Godfried, wat vroeg oorlede is.
- o Willem Frederik, wat vroeg oorlede is.
- o Jacobus Wessel, getroud met Susanna Hendrina Raats. (~Tulbagh)
- o Susanna Maria, getroud met Barend Matthys Willemse.
- o Johanna Helena Elizabeth, getroud met Robert Buchan Richardson. (~Tulbagh)

*Jan August Beneke (b16)*

Opdatering	19.9.2017	Vordering	25	50	75	95
------------	-----------	-----------	----	----	----	----

## Laaste lewensjare

Toe Johanna oorlede is, is daar aangeteken dat sy hoegenaamd geen besittings het nie. Jan oorleef haar.



Jan se sterfte.

---

<sup>1</sup> Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.

<sup>2</sup> Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.

<sup>3</sup> Afgelei van doopdatum.

<sup>4</sup> TAB FK 2150.

<sup>5</sup> SAG 5. Bl. 502.

<sup>6</sup> KAB MOOC 6/9/70. Verw. 3069.

<sup>7</sup> KAB MOOC 6/9/70. Verw. 3069. Die ouderdom by sterfte word aangegee as 75 jaar, 1 maand en 12 dae. Hierdie berekenings was in heelwat gevalle nie akkuraat nie.

<sup>8</sup> SAG 5. Bl. 502.

<sup>9</sup> KAB MOOC 6/1. Vol 1. Bl. 50.

<sup>10</sup> KAB MOOC 6/9/592. Verw. 1026.

<sup>11</sup> KAB MOOC 6/9/148. Verw. 779.

<sup>12</sup> SAG 3. Bl. 251.

<sup>13</sup> *Suid-Afrikaanse Stamouers*. Webwerf <http://www.stamouers.com/index.php/stamouers/k-to-m/320-matthee-abraham>

Daar word op die webwerf aangedui dat Tramelan in Nederland is, maar dit is nie korrek nie.

<sup>14</sup> KAB CO 3950. Verw. 95.

<sup>15</sup> Le Roux, J. G., Niemandt J.J., Olivier, Mariana. 2008. *Bewaarders van ons Erfenis*. Worcester. (Versprei deur die Genealogiese Instituut van Suid-Afrika.)

*Jan August Benecke (b16)*

Opdatering	19.9.2017	Vordering	25	50	75	95
------------	-----------	-----------	----	----	----	----